**NOTULE VAN MOSSELBAAI GRONDEIENAARS VERENIGING VERGADERING GEHOU 26 OKTOBER 2022 TE HARTENBOS RIVER RESORT OM 18:00**

**Teenwoordig:**

Johan Gräbe
Annalie Gräbe
Elsie Klue
Jody Klue
Nico De Kock
Brigit Maritz
Tom Kruger

**Verskonings:**

Phillip Vermaak
Phillip Janse van Rensburg
Albie Joubert
Hennie Booyens
Tobie Potgieter
Ruben Vermaak

**Opening:**

Johan Gräbe verwelkom almal teenwoordig en open met gebed.

**Grondwet:**

Tom Kruger het grondwet deeglik deurgewerk en voorgelê aan 'n Advokaat vir oorsig. Die advokate van die NBU het ook hul goedkeuring oor die grondwet gegee. Almal teenwoordig aanvaar grondwet en keur dit goed.

**Afspraak met Munisipaliteit:**

Johan Gräbe lig vergadering in dat die Munisipaliteit in reaksie op versoek om die burgermeester en finansiële bestuurder te ontmoet ons 'n uitnodiging ontvang het om die raad te kom toespreek Maandag 31 Oktober 2022 om 10H30. 'n Slot van +/- 15min word aan ons toegestaan vir die doel.

Nico de Kock stel voor dat 'n omvattende voorlegging voorberei moet word om so bondig en effektief as moontlik die MGEV se missie, visie en doelwitte te deel.

Annalie Gräbe en Nico de Kock sal voorlegging voorberei en voorlê aan komitee Saterdag oggend 10vm by Outeniqua karavaan park.

**Onderafdelings van MGEV:**

Langtermyn doelwit is die desentralisering van munisipale stelsels na bestuurbare kleiner eenhede soos die behoefte van die gemeenskap omskryfbaar raak. Johan Gräbe het met 'n

voorlopige model beplanning begin waar Mosselbaai Munisipale distrik in Kleiner buurte opgedeel kan word wat as sub entiteite of forums onder die groter sambreel van MGEV kan funksioneer. Primêre behoeftes Noord van Hartenbos rivier verskil van suid van die rivier. Die model is op die MGEV webwerf beskikbaar vir insae. Al hierdie aksies van die MGEV word beplan om dit aan te pak met die volle goedkeuring en samewerking met Mosselbaai Munisipaliteit.

Die totale bedienings oppervlakte van Mosselbaai Munisipaliteit is +/- 2100km2, wat dit ontoereikend maak vir effektiewe dienslewering en bestuur. In hierdie opsig moet ons as eienaars direk betrokke raak.

Nico de Kock hou die Gemeenskaps Polisiërings Forum voor as goeie model, wat reeds bewys wet die gemeenskap kan inklim en help met die besuur van die veiligheids probleme wat ondervind word in 'n spesifiek omgewing.

Die tegniese verskille tussen GPF (CPF) en GVF (CSF) – Gemeenskap Veiligheids Forum dui daarop dat beide wel geskik is vir die bestuur van veiligheids aspekte, maar nie noodwendig vir gemeenskap dienslewering projekte nie.

Soos uitgelig in Grondwet, kan slegs eienaars deelneem asook huurders met 'n proxie vanaf die eienaar om hulle te verteenwoordig in die Grondeienaarsvereniging.

Databasis van "kennispoel" sal baie handig te pas kom in die toekoms. Dit sal die funksie wees van die Kleiner subforums.

Brigit Maritz hou die Kleinbrak gemeenskaps forum voor as model waar daar reeds begin is om die gemeenskap te betrek en inligting van kennis en vaardighede in te samel.

**Sub Komitees van MGEV:**

Die Sub komitees van die MGEV sal dieselde format aanneem as die sub komitees van die Burgemeester om die aanspreek van kwessies meer doeltreffend te probeer bestuur.

**Dispuut / Nie-promulgasie:**

Die munisipaliteit het in gebreke gebly om hul belasting teriewe af te kondig vir 7 jaar nl 2006, 2007, 2008, 2009, 2011, 2012 en 2013. Dit bring mee dat die inwoners van Mosselbaai 'n dispuut ter waarde van R365 466 869 kan verklaar met betrekking tot die 7 jaar se tariewe volgens die finansiële state.

DIE MGEV wil hierdie dispuut gebruik as ‘n medium tot samewerking of dringende dienslewering. Ten alle koste moet regsgeding vermy word, dis onproduktief en dreinerend.

**Besorgdheid van huidige situasie:**

Jody Klue verwys na inligting wat op CCID van Mosselbaai vergadering gemeld is met betrekking tot die ontwikkeling in Kwanonqaba. Die behuisingsprojek het bv. +/- R8 miljoen beloop, die skade met die vernielsugtige optogte en ontevredenheid het +/- R10 miljoen beloop. Die provinsiale owerheid staan in maar die gelde moet terugbetaal word. Weereens kom die kostes uit fondse wat vir die breër gemeenskap aangewend moes word.

Die CCID het hul kommer uitgespreek oor die agteruitgang van Mosselbaai SBD. Hawelose mense wat enige plek as toilet gebruik, die besighede wat uitwyk asook die veiligheid rondom die taxistaanplek agter die “Shelter”.

Die Staat is gekaap deur politiese stelsels wat nie die kennis of ondervinding het om die land te regeer of dienslewering sektore te bestuur nie. Dit help nie om met die owerhede in konflik te gaan  en verder af te breek nie. Kry, met of sonder die owerhede se hulp nuwe strukture en stelsels onder die gemeenskapslede in plek vry van politieke inmenging. Die verklaring van Dispute kan die nodige fondse voorsien waar samewerking nie moontlik is nie, maar dit moet gesien word as die laaste uitweg.

**Afsluiting:**

Die vergadering sluit af met Johan Gräbe wat vir Phillip Vermaak in sy afwesigheid bedank vir die verversings wat voorsien is en doen ‘n afsluitings gebed.

Datum van volgende vergadering vir die voorlegging van aanbieding aan munisipaliteit aan komitee is Saterdag 29 Oktober 2022 by Outeniqua Karavaan Park, Kleinbrak om 10:00.

Goedgekeur op ____________________________2022, te _____________________________

______________________________ ____________________________

Voorsitter Sekretaresse